# KENNISGEWING:

## STIGTING VAN 'N SPESIALE-AANSLAGGEBIED (SRA) VIR BRACKENFELL SENTRALE BESIGHEIDSGEBIED

Kennisgewing geskied hiermee dat:

1. Aplitronics CC, synde die geregistreerde eienaar van Erf 424, geleë te 6 Dana Straat, Brackenfell, van voorneme is om aansoek te doen om 'n Spesiale-aanslaggebied wat bekend sal staan as die **"Brackenfell Business Improvement District"** te stig ingevolge die Stad Kaapstad se Verordening op Spesiale-aanslaggebiede, 2009. Die gebied sluit in alle kommersiële belastingbetalende eiendomme wat omsluit word deur:

*Westelike Grens*
Vanaf die spoorkruising met die R300 noordwaarts langs die padreserwe tot en met Ou Paarlweg, dan langs Ou Paarlweg insluitende alle kommersiële eiendomme noord van Ou Paarlweg tot en met Brackenfell Boulevard. Van daar loop die grens noordwaarts lang Gainsfordstraat insluitende alle kommersiële eiendom aangrensende aan Gainsfordstraat. Die grens volg dan Wit[redacted] Kareeboomstraat insluitende Millennium Mall en dan langs Frans Conradie tot en met Brackenfell Boulevard. The grens volg die padreserwe van Brackenfell Boulevard tot Dewaalstraat, Kokerboomstraat en Fickstraat en volg dan weer Brackenfell Boulevard tot en met Geodehoopstraat.

*Noordelike Grens*
Vanaf Goedehoopstraat volg die grens die oostelike kant van Brackenfell Boulevard om alle eiendom wat grens aan Brackenfell Boulevard in te sluit tot en met Handelstraat. The grens volg dan Handelstraat en Araunastraat tot en met Paradysstraat. Die grens volg dan Paradysstraat tot en met Roglandstraat om Erf 2526 in te sluit en dan langs die grens van Erf 2526 suidwaarts tot en met Frans Conradie.

*Oostelike Grens*
Vanaf Frans Conradie langs Sendingstraat tot en met Kwartelstraat en dan ooswaarts tot en met Windmeulstraat insluitende alle kommersiële eiendomme wat grens aan Ou Paarlweg.

*Suidelike Grens*

From the railway crossing with the R 300 eastwards along the railway line up to the crossing with Old Paarl Road.

2. Kennisgewing van 'n openbare vergadering met die doel om:

i) Tersaaklike inligting rakende die aansoek te verskaf.
ii) Praktiese implikasies te bespreek wat daarmee verband hou.

**DATUM:** 23 Mei 2013
**TYD:** 17:30
**PLEK:** Brackenfell Burgersentrum
**LIGGING:** Hv Paradysstraat en Ou Paarlweg

**ALLE EIENAARS VAN EIENDOM IN DIE VOORGESTELDE SPESIALE-AANSLAGGEBIED WORD VERSOEK OM DIE VERGADERING BY TE WOON.**

Vir enige navrae kontak Phillip van Zijl by Tel : 082 904 5997

**Let wel, indien u nie die geregistreerde eienaar van n eiendom is nie word u versoek om asseblief hierdie kennisgewing onmiddellik aan te stuur na die geregistreerde eienaar of verskaf die kontak besonderhede van die eienaar aan G. Lohrentz by gene@geocentric.co.za, 083 255 7657, sodat daar kontak gemaak kan word met die eienaar.**

RDL-RN:9369506 1C75LHV Mei 10-(237)-III

ABSA 25 (WAREHOUSE 507) ABSA (09/2000)
FXP